As kontakpersoon van die Brugbedieningwerkgroep, stuur ek hiermee twee brokkies uit ons jongste nuusbrief:

**Loren Mead Oorlede**
Die bekende teoloog en kerkleier in die VSA, Loren Mead, is op 5 Mei op 88-jarige ouderdom oorlede. Hy was die stigter van die Alban Instituut in 1974 en word ook beskou as intrumenteel om die Interim Ministry Network te begin wat vandag die leidinggewende instelling is tov die Transitional Ministry wêreldwyd.

Vanuit sy insigte het die vyf ontwikkelingstake (vandag ook fokusareas genoem) van die Interim Ministry bekend geraak. Hy het sterk gepleit vir die fokus op gemeentes. Sy stelling is bekend: “The real church is the local church”. Meer as 10 boeke het uit sy pen verskyn.

Loren Mead was rondom die eeuwending in Suid-Afrika en het o.a. die saak van die Interim Ministry gestel. Maar dit was eers ds Helen Dekker, Hervormde predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk, wat die saak hier in 2004 en 2005 verder kom bekendstel het en meegewerk het om Brugbediening in Suid-Afrika te laat posvat. Maar Loren Mead het deur sy publikasies – ook oor die Interim Ministry self - groot invloed in Suid-Afrika uitgeoefen.

ooOOoo

Daar is 'n **behoefte aan duideliker leiding** aan die brugpredikante, kerkrade, ringskommissies, konsulente, brugspanne en lidmate oor die funksionering van die **Brugbediening in die NG Kerk**. Daarom is die bal aan die rol gesit met die skryf van die Gidsboek. Daar word gevoel dat ‘n strategie waarin medeskrywers betrek word, meerdere kundigheid, ‘n diversiteit aan perspektiewe en rykdom aan inhoud sal meebring. Sodanige span is nou besig om saamgestel te word.

Seëngroete
**Anton Doyer**